BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Vrydag, 9 Februarie, 1962. WINDHOEK Friday, 9th February, 1962. No. 2373

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

No. 128. (Republiek van S.A.) Wysiging van die Handelskeepvaartregulasies in verband met die Inneem van Steenkool en die Laai en Aflaai van Skepe, 1961. . . .

## GOEWERMENTSKENNISGEWING

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. R. 128 (Republiek).] [2 Februarie 1962.

WYSIGING VAN DIE HANDELSKEEPVAARTREGULASIES IN VERBAND MET DIE INNEEM VAN STEENKOOL EN DIE LAAI EN AFLAAI VAN SKEPE, 1961.

Dit het die Minister van Vervoer behaag om, kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *driehonderd ses-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, die regulasies in bygaande Bylae vervat, uit te vaardig.

BYLAE.

Die Handelskeepvaartregulasies in verband met die Inneem van Steenkool en die Laai en Aflaai van Skepe, 1961, word hierby soos volg gewysig:—

1. Wys die bestaande Bylae tot die regulasies as Bylae A aan.
2. Regulasies 15 (1), 16 (1) en 17 (1) (*b*) word gewysig deur die woorde „die Bylae" oral waar dit voorkom deur die woorde „Bylae A" te vervang.
3. Deur die bestaande regulasie 19 (1) deur die volgende nuwe regulasie te vervang:—

„19. (1) Na uitvoering van die toets, ondersoek, inspeksie, uitgloeiing of ander behandeling deur regulasie 15, paragrawe (1) en (2) van regulasie 16 en paragrawe (1) en (2) van regulasie 17 vereis, reik die gekwalifiseerde persoon 'n sertifikaat uit waarin die resultate van sodanige toets, ondersoek, inspeksie, uitgloeiing of ander behandeling uiteengesit is. Die sertifikaat moet wees in vorm T.V. 5/356, T.V. 5/357, T.V. 5/358, T.V. 5/359, T.V. 5/360 of T.V. 5/361, welke een van toepassing is, soos in Bylaes C, D, E, F, G en H onderskeidelik uiteengesit. Hierdie resultate word ingeskryf in, of die sertifikaat geheg aan, 'n opgawe van toerusting voordat die masjinerie, ketting-, tou- of ander toerusting waarop die sertifikaat betrekking het, in verband met die prosesse in gebruik geneem word. Die opgawe van toerusting moet in vorm T.V. 5/355, soos in Bylae B uiteengesit, wees.".

A—2164632

CONTENTS Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICE—

(Republic of S.A.) Amendments to the Merchant Shipping, Loading, Unloading and Coaling Regulations, 1961. . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

## GOVERNMENT NOTICE.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. R. 128 (Republic).] [2 February 1962.

AMENDMENTS TO THE MERCHANT SHIPPING LOADING, UNLOADING AND COALING REGULATIONS, 1961.

The Minister of Transport has been pleased, under the provisions of sub-section (1) of section *three hundred and fifty-six* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, to make the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

The Merchant Shipping Loading, Unloading and Coaling Regulations, 1961, are hereby amended as follows:—

1. Designate the existing Annex to the regulations as Annex A.
2. Regulations 15 (1), 16 (1) and 17 (1) (b) are amended by the substitution for the words "the Annex" wherever they appear of the words "Annex A"
3. By the substitution for the existing regulation 19 (1) of the following new regulation:—

"19. (1) The qualified person shall upon completion of the test, examination, inspection, annealing or other treatment required by regulation 15, paragraphs (1) and (2) of regulation 16 and paragraphs (1) and (2) of regulation 17, issue a certificate setting forth the results of such test, examination, inspection, annealing or other treatment. The certificate shall be in form T.V. 5/356, T.V. 5/357, T.V. 5/358, T.V. 5/359, T.V. 5/360 or T.V. 5/361, whichever is applicable, set forth in Annexes C, D, E, F, G and H, respectively. Such results shall be entered in or the certificate attached to a record of equipment, before the machinery, chain, rope or other gear to which the certificate relates is subsequently taken into use in connection with the processes. The record of equipment shall be in form T.V. 5/355, set forth in Annex B."

4. Deur die toevoeging tot die regulasies van die onderstaande nuwe Bylaes B, C, D, E, F, G en H:—

4. By the addition to the regulations of the following new Annexes B, C, D, E, F, G and H:—

BYLAE/*ANNEX* B.
T.V. 5/355.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—*REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.*

DEPARTEMENT VAN VERVOER.—*DEPARTMENT OF TRANSPORT.*

Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951.)—*Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951).*

**OPGAWE VAN TOERUSTING—VRAGHANTERINGMASJINERIE EN -TOERUSTING VAN 'N SKIP.**
***RECORD OF EQUIPMENT—SHIP'S CARGO HANDLING MACHINERY AND GEAR.***

Naam van skip.................................................................Name of Ship.

Amptelike nommer.................................................................Official Number.

Registrasiehawe.................................................................Port of Registry.

Naam van eienaar.................................................................Name of Owner.

Adres.................................................................Address.

(Sien instruksie 2 op binneblad van omslag.)
*(See Instruction 2 on inside cover.)*

DEEL I.—JAARLIKSE INSPEKSIE EN VIERJAARLIKSE DEEGLIKE ONDERSOEK VAN LAAIBOME EN PERMANENTE HEGSTUKKE VAN DIE LAAIBOME (MET INBEGRIP VAN KETTINGSPRUITE), MASTE EN DEKKE.

*PART I.—ANNUAL INSPECTION AND QUADRENNIAL THOROUGH EXAMINATION OF DERRICKS AND PERMANENT ATTACHMENTS (INCLUDING BRIDLE CHAINS) TO DERRICKS, MASTS AND DECKS.*

Indien al die laaibome en bogenoemde hegstukke op dieselfde datum inspekteer of deeglik ondersoek word, sal dit voldoende wees om in Kolom 1 aan te teken „ Alle laaibome en bogenoemde hegstukke ". Indien nie, moet die onderdele wat geïnspekteer of deeglik ondersoek was op die datum vermeld duidelik aangedui word.

„ Deeglike ondersoek " beteken 'n visuele ondersoek, indien nodig, aangevul deur ander middele soos 'n hamertoets, so stiptelik uitgevoer as wat onder die omstandighede moontlik is, om tot 'n betroubare gevolgtrekking te kom in verband met die veiligheid van die ondersoekte dele; en indien hiervoor nodig, kan dele van die masjinerie en toerusting uitmekaargehaal word.

If all the derrick booms and above named gear are inspected or thoroughly examined on the same date it will be sufficient to enter in Column 1 " All derrick booms and above named gear ". If not, the parts which have been inspected or thoroughly examined on the dates stated must be clearly indicated.

" Thorough examination " means a visual examination, supplemented if necessary by other means such as a hammer test, carried out as carefully as the conditions permit, in order to arrive at a reliable conclusion as to the safety of the parts examined; if necessary for the purpose, parts of the machines or gear must be dismantled.

VIERJAARLIKSE DEEGLIKE ONDERSOEKE. *QUADRENNIAL THOROUGH EXAMINATIONS.* — JAARLIKSE INSPEKSIES. *ANNUAL INSPECTIONS.*

| (1) Ligging en beskrywing van toerusting geïnspekteer of ondersoek, met onderskeidingsnommer of merk (indien enige). *Situation and description of gear inspected or examined, with distinguishing number or mark (if any).* | (2) Toets- en ondersoeksertifikaat nommer. *Number of certificate of test and examination.* | Ek sertifiseer dat op die datum waarby ek my handtekening aangebring het, die toerusting in Kolom 1 aangedui deeglik ondersoek is deur 'n gekwalifiseerde persoon en dat geen gebreke gevind is wat die veilige werking daarvan beïnvloed nie, behalwe dié in Kolom 3 aangedui. *I certify that on the date to which I have appended my signature, the gear shown in Column 1 was thoroughly examined by a qualified person, and no defects affecting its safe working condition were found other than those shown in Column 3.* | | (3) OPMERKINGS. (Moet geparafeer en dateer word.) *REMARKS. (To be initialled and dated.)* | Ek sertifiseer dat op die datum waarby ek my handtekening aangebring het, die toerusting in Kolom 1 aangedui geïnspekteer is deur 'n gekwalifiseerde persoon en dat geen gebreke gevind is wat die veilige werking daarvan beïnvloed nie, behalwe dié in Kolom 4 aangedui. *I certify that on the date to which I have appended my signature, the gear shown in Column 1 was inspected by a qualified person and no defects affecting its safe working conidtion were found other than those shown in Column 4.* | | | | | | (4) OPMERKINGS. (Moet geparafeer en dateer word.) *REMARKS (To be initalled and dated.)* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handteken'ng. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(Sien instruksie 3 op binneblad van omslag.)
(*See instruction 3 on inside of cover.*)

## DEEL II.—JAARLIKSE DEEGLIKE ONDERSOEK VAN HYSKRANE, WENASSE, HYSTOESTELLE EN TOERUSTING WAT DAARBY BEHOORT, BEHALWE LAAIBOME EN PERMANENTE HEGSTUKKE DAARVAN.

## *PART II.—ANNUAL THOROUGH EXAMINATION OF CRANES, WINCHES, HOISTS AND ACCESSORY GEAR OTHER THAN DERRICKS AND PERMANENT ATTACHMENTS THERETO.*

---

In Kolom 1 moet die masjinerie en toerusting wat deeglik ondersoek was duidelik aangedui word. Indien byvoorbeeld al die wenasse (tesame met toerusting wat daarby hoort) deeglik ondersoek is, sal dit voldoende wees om aan te teken „ alle wenasse, blokke, sluitskakels en ander toebehore ".

„ Deeglike ondersoek " beteken 'n visuele ondersoek, indien nodig aangevul deur ander middele soos 'n hamertoets, so stiptelik uitgevoer as wat onder die omstandighede moontlik is, om tot 'n betroubare gevolgtrekking te kom in verband met die veiligheid van die ondersoekte dele; en indien hiervoor nodig, kan dele van die masjinerie en toerusting uitmekaar gehaal word.

Column 1 should show clearly the machines and gear which have been thoroughly examined. If, for example, all the winches (with their accessory gear) have been thoroughly examined, it will be sufficient to enter " all winches, blocks, shackles and other accessory gear ".

" Thorough examination " means a visual examination, supplemented if necessary by other means such as a hammer test, carried out as carefully as the conditions permit in order to arrive at a reliable conclusion as to the safety of the parts examined; if necessary for the purpose, parts of the machines or gear must be dismantled.

| (1)<br>Ligging en beskrywing van masjinerie en toerusting geïnspekteer of ondersoek, met onderskeidingsnommer of merk (indien enige).<br>*Situation and description of machinery and gear examined, with distinguishing number or mark (if any).* | (2)<br>Toets- en ondersoek-sertifikaat nommer.<br>*Number of certificate of test and examination.* | Ek sertifiseer dat op die datum waarby ek my handtekening aangebring het, is die masjinerie en toerusting in Kolom 1 aangedui deeglik ondersoek deur 'n gekwalifiseerde persoon en dat geen gebreke gevind is wat die veilige werking daarvan beïnvloed nie, behalwe die in Kolom 3 aangedui.<br>*I certify that on the date to which I have appended my signature, the machinery and gear shown in Column 1 was thoroughly examined by a qualified person, and no defects affecting its safe working condition were found other than those shown in Column 3.* | | | | | | | | | (3)<br>OPMERKINGS.<br>(Moet geparafeer en dateer word.)<br>*REMARKS.*<br>*(To be initialled and dated.)* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(Sien instruksie 6 op binneblad van omslag.)
(*See instruction 6 on inside of cover.*)

## DEEL III.—JAARLIKSE DEEGLIKE ONDERSOEK VAN TOERUSTING WAT VAN HITTEBEHANDELING VRYGESTEL IS.

## *PART III.—ANNUAL THOROUGH EXAMINATION OF GEAR WHICH IS EXEMPT FROM HEAT TREATMENT.*

---

„ Deeglike ondersoek " beteken 'n visuele ondersoek, indien nodig aangevul deur ander middele, so stiptelik uitgevoer as wat onder die omstandighede moontlik is om tot 'n betroubare gevolgtrekking te kom in verband met die veiligheid van die ondersoekte dele; en indien hiervoor nodig, kan dele van die masjinerie en toerusting uitmekaar gehaal word.

Hierdie Deel van die register word voorsien as 'n alternatief vir die vereiste om vorm T.V. 5/361 aan te heg, vir die gerief van persone wat die ondersoek deur hulle eie personeel laat onderneem.

" Thorough examination " means a visual examination, supplemented if necessary by other means, carried out as carefully as conditions permit in order to arrive at a reliable conclusion as to the safety of the parts examined; if necessary for the purpose, parts of the machines or gear must be dismantled.

This Part of the register is provided as an alternative to the attachment of Form T.V. 5/361, for the convenience of persons who have the examining done by their own staff.

| (1)<br>Onderskeidingsnommer of merk.<br>*Distinguishing number or mark* | (2)<br>Beskrywing van toerusting wat deeglik ondersoek is.<br>*Description of gear thoroughly examined.* | (3)<br>Toets- en ondersoek-sertifikaat nommer.<br>*Number of certificate of test and examination* | Ek sertifiseer dat op die datum waarby ek my handtekening aangebring het, is die toerusting in Kolomme 1 en 2 aangedui deeglik ondersoek deur 'n gekwalifiseerde persoon en dat geen gebreke gevind is wat die veilige werking daarvan beïnvloed nie behalwe dié in Kolom 4 aangedui.<br>*I certify that on the date to which I have appended my signature, the gear described in Columns 1 and 2 was thoroughly examined by a qualified person, and no defects affecting its safe working condition were found other than those shown in Column 4.* | | | | | | | | (4)<br>OPMERKINGS.<br>(Moet geparafeer en dateer word.)<br>*REMARKS.*<br>*(To be initialled and dated.)* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | Datum en handtekening.<br>*Date and Signature.* | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(Sien instruksie 5 op binneblad van omslag.)
*(See instruction 5 on inside of cover.)*

## DEEL IV.—HITTEBEHANDELING VAN KETTINGS, RINGE, HAKE, SLUITSKAKELS EN DRAAIBLOKKE WAT SODANIGE BEHANDELING NODIG HET.

## *PART IV.—HEAT TREATMENT OF CHAINS, RINGS, HOOKS, SHACKLES AND SWIVELS WHICH REQUIRE SUCH TREATMENT.*

Hierdie Deel van die register word voorsien as 'n alternatief vir die vereiste om vorm T.V. 5/360 aan te heg, vir die gerief van persone wat die hittebehandeling deur hulle eie personeel laat onderneem.

Om te verseker dat hierdie blad vir agt jaar sal dien, soos in ander dele van die register, moet twee lyne gelaat word vir datum en handtekening wat betref halfduim (12·5 mm) en kleiner toerusting, tensy dit uitsluitlik gebruik word op masjinerie wat met die hand bedien word.

This Part of the register is provided as an alternative to the attachment of Form T.V. 5/360, for the convenience of persons who have heat treatment done by their own staff.

To ensure that this page will serve for eight years, as in the other parts of the Register, two lines must be left for date and signature with regard to half-inch (12·5 mm) and smaller gear, unless used solely on machinery worked by hand.

| (1) Onderskeidingsnommer of merk. *Distinguishing number or mark* | (2) Beskrywing van toerusting wat hittebehandeling ontvang. *Description of gear heat-treated.* | (3) Toets- en ondersoek-sertifikaat nommer. *Number of certificate of test and examination* | Ek sertifiseer dat op die datum waarby ek my handtekening aangebring het, het die toerusting in Kolomme 1 en 2 aangedui hittebehandeling onder die toesig van 'n gekwalifiseerde persoon ontvang, en dat elke stuk noukeurig geïnspekteer is nadat sodanige hittebehandeling toegedien is en dat geen gebreke gevind is wat die veilige werking daarvan beïnvloed nie behalwe dié in Kolom 4 aangedui. *I certify that on the date to which I have appended my signature, the gear described in Columns 1 and 2 was heat-treated under supervision of a qualified person, that after being so heat-treated every article was carefully inspected, and that no defects affecting its safe working condition were found other than those shown in Column 4.* | | | | | | | | (4) OPMERKINGS. (Moet geparafeer en dateer word.) *REMARKS. (To be initialled and dated.)* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | Datum en handtekening. *Date and Signature.* | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

(Binneblad van omslag.)

**DIE DOEL VAN DIE TOETSE, ONDERSOEKE EN INSPEKSIES WAT IN HIERDIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGETEKEN WORD IS OM PERIODIEK VAS TE STEL DAT DIE SKIP SE VRAGHANTERINGSTOERUSTING IN VEILIGE WERKENDE TOESTAND IS EN ALDUS SAL BYDRA TOT DIE VOORKOMING VAN ONGELUKKE IN DOKWERK.**

### OPDRAGTE WAT MOET NAGEKOM WORD

**(Hoofstuk III van die Handelskeepvaartregulasies in Verband met die Inneem van Steenkool en die Laai en Aflaai van Skepe, 1961.)**

OPMERKINGS:—

(i) „ hysmasjinerie " beteken hyskrane, wenasse, hystoestelle, laaibome, laaiboom- en masbande, gansnekke, oogboute en alle ander permanente hegstukke aan die laaibome, maste en dekke wat by ophysing of neerlating in verband met die prosesse gebruik word;

(ii) Betekenis van „ gekwalifiseerde persoon ": Vir die toepassing van die Handelskeepvaartregulasies in Verband met die Inneem van Steenkool en die Laai en Aflaai van Skepe, 1961, word 'n persoon nie 'n gekwalifiseerde persoon geag nie indien die bevoegde beampte skriftelik kennis gegee het dat sodanige persoon volgens sy oordeel nie tegnies gekwalifiseerd is om die toetse, ondersoek of uitgloeiing wat deur die regulasies vereis word, uit te voer nie; en

(iii) „ bevoegde beampte " beteken die beampte wat deur die Minister aangewys is as die bevoegde beampte by die plek en ten opsigte van die saak waarna verwys word in die bepaling in Wet No. 57 van 1951 waarin die uitdrukking voorkom.

**1.** Voor die ingebruikneming daarvan moet alle hysmasjinerie deur 'n gekwalifiseerde persoon getoets en ondersoek word [Regulasie 15 (1)]. 'N SERTIFIKAAT IN TOEPASLIKE VORM WAT SODANIGE TOETSING EN ONDERSOEKE DEK MOET AAN DIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGEHEG WORD [Regulasie 19 (1)]. Vir wenasse en laaibome moet die sertifikaat volgens vorm T.V. 5/356, wees. Vir hyskrane en hystoestelle moet die sertifikaat volgens vorm T.V. 5/357, wees.

**2.** Alle laaibome en permanente hegstukke, met inbegrip van kettingspruite, aan die laaiboom, mas en dek, wat by ophysing of neerlating gebruik word, moet jaarliks geïnspekteer en vierjaarliks deeglik ondersoek word [Regulasie 15 (2) (*a*)]. BESONDERHEDE VAN HIERDIE INSPEKSIES EN ONDERSOEKE MOET IN DEEL I VAN HIERDIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGETEKEN WORD [Regulasie 19 (1)].

**3.** Alle ander hysmasjinerie moet minstens elke twaalf maande deeglik ondersoek word [Regulasie 15 (2) (*b*)]. BESONDERHEDE VAN HIERDIE ONDERSOEKE MOET IN DEEL II VAN HIERDIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGETEKEN WORD [Regulasie 19 (1)].

(Inside cover.)

**THE PURPOSE OF THE TESTS, EXAMINATIONS AND INSPECTIONS NOTED IN THIS REGISTER OF EQUIPMENT IS TO ESTABLISH PERIODICALLY THAT THE SHIP'S CARGO GEAR IS IN SAFE WORKING ORDER AND THUS CONTRIBUTE TO THE PREVENTION OF ACCIDENTS IN DOCK WORK.**

### INSTRUCTIONS TO BE OBSERVED

(Chapter III of the Merchant Shipping Loading, Unloading and Coaling Regulations, 1961.)

NOTES:—

(i) " lifting machinery " means cranes, winches, hoists, derrick booms, derrick and mast bands, goose necks, eyebolts and all other permanent attachments to the derricks, masts and decks used in hoisting or lowering in connection with the processes;

(ii) meaning of " qualified person ": For purposes of the Merchant Shipping Loading, Unloading and Coaling Regulations, 1961, a person shall not be deemed to be a qualified person if and in so far as the proper officer has given notice in writing declaring that such person is in his opinion not technically qualified to carry out the tests, examinations or annealing required by the regulations; and

(iii) " proper officer " means the officer designated by the Minister to be the proper officer at the place and in respect of the matter to which reference is made in the provision of Act No. 57 of 1951 in which the expression occurs.

1. All lifting machinery shall, before being taken into use, be tested and examined by a qualified person [Regulation 15 (1)]. A CERTIFICATE IN THE APPROPRIATE FORM COVERING SUCH TESTING AND EXAMINATION SHALL BE ATTACHED TO THE RECORD OF EQUIPMENT [Regulation 19 (1)]. For winches and derricks the certificate should be in form T.V. 5/356. For cranes and hoists, the certificate should be in form T.V. 5/357.

2. All derricks and permanent attachments, including bridle chains, to the derrick, mast and deck, used in hoisting or lowering shall be inspected annually and be thoroughly examined every four years [Regulation 15 (2) (*a*)]. THE PARTICULARS OF THESE INSPECTIONS AND EXAMINATIONS SHALL BE ENTERED IN PART I OF THIS RECORD OF EQUIPMENT [Regulation 19 (1)].

3. All other lifting machinery shall be thoroughly examined at least every twelve months [Regulation 15 (2) (*b*)]. THE PARTICULARS OF THESE EXAMINATIONS SHALL BE ENTERED IN PART II OF THIS RECORD OF EQUIPMENT [Regulation 19 (1)].

4. Voor ingebruikneming vir ophysing of neerlating moet alle kettings, ringe, hake, sluitskakels, draai- of katrolblokke en alle draadtoue deur 'n gekwalifiseerde persoon getoets en ondersoek word [Regulasies 16 (1) en 17 (2)]; en ook alle kettings, ringe, hake, sluitskakels of draaiblokke wat by ophysing of neerlating gebruik word en wat deur sweising verleng, verander of herstel is, moet doeltreffend getoets en herondersoek word voordat dit weer gebruik word [Regulasie 16 (4)]. 'N SERTIFIKAAT VOLGENS VORM T.V. 5/358 OF T.V. 5/359 WATTER EEN OOKAL VAN TOEPASSING IS, WAT SODANIGE TOETS EN ONDERSOEK AANDUI, MOET AAN HIERDIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGEHEG WORD [Regulasie 19 (1)].

5. Alle kettings, uitgesonderd kettingspruite geheg aan laaibome en maste; en alle ringe, hake, sluitskakels en draaiblokke wat by ophysing of neerlating gebruik word, moet, tensy hulle aan sodanige ander behandeling onderwerp is as wat voorgeskryf mag word, onder die toesig van 'n gekwalifiseerde persoon en met die volgende tussenpose doetreffend uitgegloei word:—

(*a*) Kettings, ringe, hake, sluitskakels en draaiblokke van 'n halfduim en kleiner wat algemeen gebruik word—minstens elke ses maande;

(*b*) alle ander kettings, ringe, hake, sluitskakels en draaiblokke wat algemeen gebruik word—minstens elke twaalf maande.

Met dien verstande dat in die geval van sodanige toerusting wat uitsluitlik gebruik word by hyskrane en ander hystoestelle wat met die hand bedien word, ses maande in subparagraaf (*a*) deur twaalf maande vervang word, en twaalf maande in subparagraaf (*b*) deur twee jaar vervang word [Regulasie 16 (2)]. 'N SERTIFIKAAT, IN VORM T.V. 5/360, TEN OPSIGTE VAN SODANIGE HITTE-BEHANDELING MOET AAN HIERDIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGEHEG WORD, OF DIE BESONDERHEDE MOET INGESKRYF WORD IN DEEL IV VAN DIE OPGAWE VAN TOERUSTING [Regulasie 19 (1)].

6. Waar die bevoegde beampte van oordeel is dat weens die grootte, ontwerp, materiaal of seldsame gebruik van enige toerusting of toerustingsoort, die uitgloeiingsvereiste nie vir die beskerming van persone in diens nodig is nie kan hy 'n sertifikaat uitreik om sodanige toerusting of toerustingsoort van hierdie vereiste vry te stel onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy in genoemde sertifikaat mag aandui. Die bevoegde beampte kan die sertifikaat terugtrek wanneer hy dit nodig ag [Regulasie 16 (2)]. 'N SERTIFIKAAT IN VORM T.V. 5/361 VAN TOERUSTING TEN OPSIGTE WAARVAN SODANIGE VRYSTELLINGSERTIFIKAAT UITGEREIK IS MOET AAN DIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGEHEG WORD, OF BESONDERHEDE MOET IN DEEL III VAN DIE OPGAWE VAN TOERUSTING AANGETEKEN WORD.

7. Die opgawe van toerusting tesame met die sertifikaat van die skip se register moet op aanvraag van 'n opnemer [aangestel ooreenkomstig Artikel *vier* (*b*) van Wet No. 57 van 1951] deur die persoon wat dan vir die skip verantwoordelik is, getoon word [Regulasie 19 (3)]. Die opgawe moet bewaar word vir 'n tydperk van ten minste vier jaar nadat die laaste inskrywing daarin gemaak is.

4. Every chain, ring, hook, shackle, swivel or pulley block and all wire ropes shall, before being taken into use for purposes of hoisting or lowering, be tested and examined by a qualified person [Regulations 16 (1) and 17 (2)]; also all chains, rings, hooks, shackles or swivels used in hoisting or lowering which have been lengthened, altered or repaired by welding shall before being again taken into use be adequately tested and re-examined [Regulation 16 (4)]. A CERTIFICATE IN FORM T.V. 5/358 OR T.V. 5/359, AS THE CASE MAY BE, SHOWING SUCH TEST AND EXAMINATION, SHALL BE ATTACHED TO THIS RECORD OF EQUIPMENT [Regulation 19 (1)].

5. All chains, other than bridle chains attached to derricks or masts, and all rings, hooks, shackles and swivels used in hoisting or lowering shall, unless they have been subjected to such other treatment as may be prescribed, be effectually annealed under the supervision of a qualified person and at the following intervals:—

(*a*) Half-inch and smaller chains, rings, hooks, shackles and swivels in general use—at least every six months;

(*b*) all other chains, rings, hooks, shackles and swivels in general use—at least every twelve months.

Provided that in the case of such gear used solely on cranes and other hoisting appliances worked by hand, twelve months shall be substituted for six months in sub-paragraph (*a*), and two years for twelve months in sub-paragraph (*b*)—[Regulation 16 (2)]. A CERTIFICATE, IN FORM T.V. 5/360, IN RESPECT OF SUCH HEAT TREATMENT SHALL BE ATTACHED TO THIS RECORD OF EQUIPMENT, OR THE PARTICULARS ENTERED IN PART IV OF THE RECORD OF EQUIPMENT [Regulation 19 (1)].

6. Where the proper officer is of the opinion that, owing to the size, design, material or infrequency of use of any gear or class of such gear, the requirement as to annealing is not necessary for the protection of persons employed, he may issue a certificate exempting such gear or class of such gear from such requirement subject to such conditions as he may specify in such certificate. The proper officer may revoke such certificate as and when he deems it necessary [Regulation 16 (2)]. A CERTIFICATE IN FORM T.V. 5/361, OF GEAR IN RESPECT OF WHICH SUCH EXEMPTION CERTIFICATE HAS BEEN ISSUED SHALL BE ATTACHED TO THE RECORD OF EQUIPMENT, OR PARTICULARS ENTERED IN PART III OF THE RECORD OF EQUIPMENT.

7. The record of equipment together with the certificate of the ship's register, shall on application by a surveyor [appointed in terms of Section *four* (*b*) of Act No. 57 of 1951], be produced by the person for the time being in charge of the ship [Regulation 19 (3)]. The record shall be preserved for at least four years after the date of the last entry.

---

**BYLAE/*ANNEX* C.**
T.V. 5/356.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—*REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.*

DEPARTEMENT VAN VERVOER.—*DEPARTMENT OF TRANSPORT.*
Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951).—*Merchant Shipping Act*, 1951 (*Act No.* 57 *of* 1951).

SERTIFIKAAT VAN TOETS EN ONDERSOEK VAN WENASSE, LAAIBOME EN PERMANENTE HEGSTUKKE DAARVAN, VOOR DIE INGEBRUIKNEMING DAARVAN [REGULASIE 19 (1).]
*CERTIFICATE OF TEST AND EXAMINATION OF WINCHES, DERRICKS AND THEIR ACCESSORY GEAR, BEFORE BEING TAKEN INTO USE* [*REGULATION* 19 (1).]

Toetssertifikaatnommer.......................................
*Test certificate No.*

Naam van skip waarop masjinerie geïnstalleer is.......................................
*Name of ship on which machinery is fitted*

| (1) Ligging en beskrywing van masjinerie en toerusting, met onderskeidingsnommer of merk (indien enige). *Situation and description of machinery and gear, with distinguishing number or mark (if any).* | (2) Hoek bo die horisontaal van die laaiboom terwyl die proeflas toegepas was (grade). *Angle to the horizontal of derrick boom while the load was applied (degrees).* | (3) Proeflas toegepas (ton). *Proof load applied (tons).* | (4) Veilige werklas op die hoek in Kolom 2 aangedui (ton). *Safe working load at the angle shown in Column 2 (tons).* |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

(5) Naam en adres van maatskappy of firma wat die toets en ondersoek onderneem.......................................
*Name and address of company or firm making the test and examination*

(6) Status van ondergetekende by maatskappy of firma.......................................
*Position of signatory with company or firm*

Ek sertifiseer dat op die ............ dag van ............ 19...., is bovermelde masjinerie en bykomstige toebehore getoets deur 'n gekwalifiseerde persoon op die wyse soos in die instruksies op hierdie sertifikaat uiteengesit; dat 'n sorgvuldige ondersoek van die genoemde masjinerie en toerusting deur 'n gekwalifiseerde persoon na die toets getoon het dat dit die proeflas sonder skade of blywende verwringing weerstaan het; en dat die veilige werklas van genoemde masjinerie en toerusting is soos in Kolom 4 aangetoon.

Handtekening.................................... Datum..............

## INSTRUKSIES.

1. Elke wenas tesame met al die toerusting wat daarby behoort (met inbegrip van laaibome, gansnekke, oogplate, oogboute of ander hegstukke) moet getoets word met 'n proeflas wat die veilige werklas soos volg oorskry:—

| *Veilige werklas.* | *Proeflas.* |
|---|---|
| Tot en met 20 ton ........................ | 25 persent meer. |
| Meer as 20 ton tot en met 50 ton ......... | 5 ton meer. |
| Meer as 50 ton ........................... | 10 persent meer. |

Die proeflas moet toegepas word (i) deur beweegbare gewigte te lig, of (ii) deur middel van 'n veer- of hidrouliese balans of soortgelyke toestel, met die laaiboom op 'n hoek bo die horisontaal wat in die toetssertifikaat aangegee moet word. In eersgenoemde geval moet die laaiboom so ver moontlik in albei rigtings geswaai word nadat die beweegbare gewigte opgehys is. In die tweede geval moet die proeflas toegepas word met die laaiboom sover prakties moontlik eers in die een rigting en dan in die ander geswaai.

2. Nadat hulle aan die toets onderwerp is, moet alle masjiene met al die toerusting wat daarby behoort en alle los toerusting ondersoek word om vas te stel of enige deel beskadig of blywend deur die toets verwring is. Die skywe en penne van die katrolblokke word vir dié doel verwyder.

OPMERKINGS—

(i) Die uitdrukking " ton " beteken 'n ton van 1,000 kg. of 2,200 lb.; en

(ii) betekenis van ,, gekwalifiseerde persoon ": Vir die toepassing van die Handelskeepvaartregulasies in Verband met die Inneem van Steenkool en die Laai en Aflaai van Skepe, 1961, word 'n persoon nie 'n gekwalifiseerde persoon geag nie indien die bevoegde beampte skriftelik kennis gegee het dat sodanige persoon volgens sy oordeel nie tegnies gekwalifiseerd is om die toetse, ondersoek of uitgloeiing wat deur die regulasies vereis word, uit te voer nie.

I certify that on the ............ day of ............ 19...., the above machinery, together with its accessory gear, was tested by a qualified person in the manner set forth in the instructions on this certificate; that a careful examination of the said machinery and gear by a qualified person after the test showed that it had withstood the proof load without injury or permanent deformation; and that the safe working load of the said machinery and gear is as shown in Column 4.

Signature.................................... Date..............

## INSTRUCTIONS.

1. Every winch with the whole of the gear accessory thereto (including derricks, goose necks, eyeplates, eyebolts or other attachments) shall be tested with a proof load which shall exceed the safe working load as follows:—

| *Safe Working Load.* | *Proof Load.* |
|---|---|
| Up to and including 20 tons .......... | 25 per cent in excess. |
| Over 20 tons up to and including 50 tons | 5 tons in excess. |
| Over 50 tons ......................... | 10 per cent in excess. |

The proof load shall be applied either (i) by hoisting movable weights or (ii) by means of a spring or hydraulic balance or similar appliance, with the derrick at an angle to the horizontal which shall be stated in the certificate of the test. In the former case, after the movable weights have been hoisted, the derrick shall be swung as far as possible in both directions. In the latter case, the proof load shall be applied with the derrick swung as far as practicable first in one direction and then in the other.

2. After being tested, all machines with the whole of the gear accessory thereto and all loose gear shall be examined, the sheaves and the pins of the pully blocks being removed for the purpose, to see that no part is injured or permanently deformed by the test.

NOTES—

(i) The expression " ton " means a ton of 1,000 kg. or 2,200 lb.; and

(ii) meaning of " qualified person ": For the purpose of the Merchant shipping Loading, Unloading and Coaling Regulations, 1961, a person shall not be deemed to be a qualified person if and in so far as the proper officer has given notice in writing declaring that such person is in his opinion not technically qualified to carry out the tests, examinations or annealing required by the regulations.

BYLAE/*ANNEX* D.
T.V. 5/357.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—*REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.*

DEPARTEMENT VAN VERVOER.—*DEPARTMENT OF TRANSPORT.*

Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951).—*Merchant Shipping Act*, 1951 (*Act No.* 57 *of* 1951).

## SERTIFIKAAT VAN TOETS EN ONDERSOEK VAN HYSKRANE EN HYSTOESTELLE TESAME MET DIE TOERUSTING WAT DAARBY BEHOORT, VOOR DIE INGEBRUIKNEMING DAARVAN [REGULASIE 19 (1)].

## *CERTIFICATE OF TEST AND EXAMINATION OF CRANES OR HOISTS, AND THEIR ACCESSORY GEAR, BEFORE BEING TAKEN INTO USE* [*REGULATION* 19 (1)].

Toetssertifikaatnommer..............................
*Test certificate No.*

Naam van skip waarop masjinerie geïnstalleer is..............................
*Name of ship on which machinery is fitted*

| (1)<br>Ligging en beskrywing van hyskraan of hysmasjien, met onderskeidingsnommer of merk (indien enige).<br>*Situation and description of crane or hoist, with distinguishing number or mark (if any).* | (2)<br>Vir boomhyskrane, straal waarby die proeflas toegepas was.<br>*For jib-cranes, radius at which the proof load was applied.* | (3)<br>Proeflas toegepas (ton).<br>*Proof load applied (tons).* | (4)<br>Veilige werklas (vir boomhyskrane op straal in Kolom 2 aangedui) (ton).<br>*Safe working load (for jib-cranes at radius shown in Column 2) (tons).* |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

(5) Naam en adres van maatskappy of firma wat die toets en ondersoek onderneem..............................
*Name and address of company or firm making the test and examination*

(6) Status van ondergetekende by maatskappy of firma..............................
*Position of signatory with company or firm*

Ek sertifiseer dat op die .......... dag van .......... 19...... is bogenoemde masjinerie en bykomstige toebehore getoets deur 'n gekwalifiseerde persoon op die wyse soos in die instruksies op hierdie sertifikaat uiteengesit; dat 'n sorgvuldige ondersoek van die genoemde masjinerie en toerusting deur 'n gekwalifiseerde persoon na die toets getoon het dat dit die proeflas sonder skade of blywende verwringing weerstaan het; en dat die veilige werklas van genoemde masjinerie en toerusting is soos in Kolom 4 aangedui.

Handtekening.......... Datum..........

INSTRUKSIES.

1. Elke hyskraan en ander hysmasjien tesame met die toerusting wat daarby behoort moet getoets word met 'n proeflas wat die veilige werklas soos volg oorskry:—

| *Veilige Werklas.* | *Proeflas.* |
|---|---|
| Tot en met 20 ton | 25 persent meer. |
| Meer as 20 ton tot en met 50 ton | 5 ton meer. |
| Meer as 50 ton | 10 persent meer. |

Die genoemde proeflas moet opgehys en so ver as moontlik in albei rigtings geswaai word. In die geval van 'n boomhyskraan, indien die boom 'n reëlbare straal het, moet dit getoets word met 'n proeflas soos hierbo aangedui by die maksimum en minimum strale van die boom. In die geval van hidrouliese hyskrane of hystoestelle waar dit weens beperkte druk nie moontlik is om 'n gewig van 25 persent meer as die veilige werklas is op te hys nie, is dit voldoende om die grootste moontlike gewig te hys.

2. Nadat hulle aan die toets onderwerp is, moet elke hyskraan of hysmasjien met al die toerusting wat daarby behoort ondersoek word om vas te stel of enige deel beskadig of blywend deur die toets verwring is.

OPMERKINGS—

(i) Die uitdrukking „ ton " beteken 'n ton van 1,000 kg. of 2,200 lb.; en

